**LAERSKOOL BEAUMONT**

Geagte Ouers 5 Mei 2011

Ek hoop dat u en u families die bykomende vakansiedae oor die Paasfees geniet het en dat u gereed is vir die weke wat voorlê.

Die volgende kort inligting is hierdie week vir u aandag:

**1. WISKUNDE-OLIMPIADE**



Ons moedig u aan om op entoesiastiese wyse deel te neem aan hierdie fondsinsamelingspoging. Dit vind op Donderdag 26 Mei 2011 plaas. Neem kennis dat ons besluit het om weer 'n Wiskunde-Olimpiade hierdie jaar aan te bied, en nie die Spel-Olimpiade soos op die kwartaalprogram verskyn nie. Elke leerder het 'n borgvorm ontvang wat vir ouditprosedures genommer en geregistreer is. Alle gelde moet teen **Donderdag 9 Junie 2011 ingesamel en ingegee wees.**

**2. Eko-NUUS**

Geluk aan die volgende klasse met hul pragtige houding ten opsigte van herwinning.

Die algehele wenner vir die eerste kwartaal is 6E2 met 92,2%. 5E1 was tweede en 4E3 derde by die Seniors.

By die Juniors was 2E3 eerste, 1E1 en 1E3 gesamentlik tweede en 3E5 derde. Mooi so! Ons is trots op julle!

Ons het in Maart net meer as 15 ton herwin. Dit is werklik 'n voortreflike prestasie. Ons wil elke leerder en ouer vir elke bydrae bedank. Hou so vol!

ONTHOU: HER-dink; HER-gebruik; HER-win!

**3. KUNS EN KULTUUR**

Beaumont se Senior Koor het op 15 April 2011 aan SASCE (South African School's Choral Eisteddfod) deelgeneem en is as die wenner in hul kategorie aangewys. Hulle sal nou aan die provinsiale finale deelneem op 13 / 14 / 15 Mei 2011. Geluk!

Hou Saterdag 7 Mei 2011 oop. Mnr Voges, saam met David Bester en die Beaumont Ensemble bied "Concerto for 2 Violins" vanaf 19:00 – 20:00 by die NG Kerk Hottentots Holland aan. Dit is ten bate van Helderberg Hospice en ter nagedagtenis aan Mev Liz Kotze, ons geliefde gewese Graad 3 opvoeder. Toegang is gratis.

**4. SPORT SPOGHOEKIE**

Mev Minnie is met siekteverlof en sodra sy terug is op kantoor, sal die Spoghoekie opgedateer word.

Dankie dat u verstaan.

## 5. BELANGRIKE DATUMS

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag 6 Mei | : | Toebroodjies |
| | : | Solosang - Stellenbosch Eisteddfod Fluit, Klavier, Viool |
| | : | Detensie Gr 4 – 7 |
| Saterdag 7 Mei | : | Solosang – Stellenbosch Eisteddfod Fluit, Viool |
| | : | Stellenbosch Eisteddfod – Woordkuns |
| | : | Lochnerhof Sportdag |
| Maandag 9 Mei | : | Herwinning tussen 07:30 – 08:00 |
| | : | Gr 4 SOS Kamp |
| Dinsdag 10 Mei | : | Gr 4 SOS Kamp |
| | : | Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30 |
| Woensdag 11 Mei | : | Gr 1 Inligtingsaand vir 2012 Ouers |
| | : | Gr 4 SOS Kamp |
| | : | Gr 5 Entrepreneurskapdag |
| Donderdag 12 Mei | : | Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30 |
| Vrydag 13 Mei | : | Toebroodjies |
| | : | Stellenbosch Eisteddfod – Klavier |
| | : | Stellenbosch Eisteddfod - Woordkuns |
| | : | Detensie Gr 4 – 7 |
| Saterdag 14 Mei | : | Beaumont Skaaktoernooi |
| | : | Stellenbosch Eisteddfod - Klavier |
| | : | Stellenbosch Eisteddfod – Woordkuns |
| Maandag 16 Mei | : | Herwinning tussen 07:30 – 08:00 |
| | : | Senior Koor: Tygerberg Eisteddfod |
| | : | BOV – Vergadering om 19:15 |
| Dinsdag 17 Mei | : | Senior Koor – Tygerberg Eisteddfod |
| | : | Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30 |
| **Woensdag 18 Mei** | **:** | **PUBLIEKE VAKANSIEDAG – STEMDAG (SKOOL EN NASORG GESLUIT)** |
| Donderdag 19 Mei | : | Gr 3 Uitstappie - Dieretuin |
| | : | Senior Koor – Tygerberg Eisteddfod |
| | : | Klerewinkel oop tussen 13:00 – 14:30 |

Groete

MNR G REDDELL
SKOOLHOOF

08/2011